# BOOK NOTICES / BOEKAANKONDIGINGS

## PHILOSOPHY / FILOSOFIE

Hick, J H 1990. *Philosophy of religion*. Fourth edition. Englewood Cliffs: Prentice Hall International, Inc. Pp 148. Price not given.

The fourth edition of John Hick's *Philosophy of religion* appears after a shorter gap than the ten years separating the earlier editions of this work in 1963, 1973 and 1983. This is due to the accelerated pace of change in the subject which, according to Hick, is one of the most active areas of philosophical research today.

This fourth edition includes a new chapter on contemporary work in the epistemology of religion. All the other chapters are also updated, while some sections have been dropped to contain the size and expense of the volume. This work will prove to be a valuable introduction for students in philosophy and religion.

John Hick teaches at the Claremont Graduate School, Claremont, California.

Liebenberg, Ian 1990. *Ideologie en konflik*. Bramley: Taurus. Pp 173. Prys R25.00.

*Ideologie en konflik* bied 'n omvattende beskrywing van die mededingende ideologieë wat tans besig is om die politieke toneel in 'n snel veranderende Suid-Afrika te herskep. Dit bied 'n analise van die begrip 'ideologie', sowel as van ideologiese strominge soos apartheid, nie-rassigheid en swart bewussyn. Afrikaanse vertalings van die Vryheidsmanifes, die grondwetlike riglyne van die ANC, die Azaniese handves en die Universele Verklaring van Menseregte word verder volledig opgeneem.

Ian Liebenberg is werksaam as navorsingskonsultant by die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief in Suid-Afrika (IDASA).

In 'n voorwoord skryf dr. Van Zyl Slabbert die volgende: 'Ian Liebenberg skryf proefondervindelik as 'n jong Afrikaner wat gemaal is deur die ideologie en gemeenskap wat hy onder die vergrootglas plaas'.

Van der Merwe, W L 1990. *Metafoor: 'n filosofiese perspektief*. Bloemfontein: Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. Pp 205. Prys nie aangedui.

Hierdie studie handel oor die vraag na die *locus* van metaforiese betekenis. Twee teenoorstaande teorieë word in die verband ondersoek, naamlik dat metaforiese betekenis dui op 1) 'n betekenisverandering wat 'n woord ondergaan, en 2) 'n semantiese proses wat afspeel tussen al die woorde van 'n sin. Die skrywer dui aan hoedat verskillende metafoorteorieë dialekties deur hierdie twee teenoorstaande veronderstellings beïnvloed word. In die slothoofstuk word die metafoor beskryf as

'n hermeneutiese taalspel waarin die betekenis van die metafoor kreatief deur die interpreteur daarvan gestig word.

*Metafoor: 'n filosofiese perspektief* is oorspronklik aangebied as 'n MA-tesis by die Universiteit van Stellenbosch en verskyn hiermee in boekvorm.

## NEW TESTAMENT/NUWE TESTAMENT

Du Plessis, I J 1990. *'n Kykie in die hart van God*. Pretoria: N G Kerkboekhandel. Pp 156. Prys R42.00.

*'n Kykie in die hart van God* bied 'n oorsig oor die geskiedenis van die interpretasie van die gelykenisse aan die hand van 'n studie oor die gelykenis van die verlore seun. Enersyds is die boek 'n illustrasie van die eenvoudige trefkrag van 'n eenvoudige storie, naamlik die gelykenis van die verlore seun. Dit is 'n illustrasie daarvan dat die gelykenisse vir ons "n kykie in die hart van God' bied.

Andersyds is die werk ook 'n illustrasie van die kompleksiteit van die interpretasie van die gelykenisse. 'n Oorsig word gegee oor die relevante literatuur oor die gelykenis van die verlore seun vanaf die vroegste kerk tot by die mees resente ontwikkelinge. Die vraag wat in die besonder aandag geniet is hoe die historiese vrae rondom hierdie gelykenis te versoen is met 'n narratiewe ontleding daarvan.

*'n Kykie in die hart van God* bevat 'n kort ekskursie oor die geskiedenis van gelykenis-navorsing in Suid-Afrika, sowel as 'n verklarende woordelys vir die geïnteresseerde leser wat nie so vertroud met die teologiese jargon is nie.

Du Plessis, I J 1990. *Die brief aan die Kolossense. Skrifuitleg vir die Bybelstudent en gemeente*. Kaapstad: N G Kerk-uitgewers. Pp 96. Prys: R 22,00.

In die voorwoord skryf prof P A Verhoef en prof J A du Rand: 'Dit is verblydend om daagliks kennis te neem van 'n groeiende belangstelling onder gelowiges in grondige Bybelstudie. Die behoefte is veral na wetenskaplik verantwoorde Skrifuitleg in alledaagse, verstaanbare Afrikaans. Die herdruk van die kommentaar op Kolossense beantwoord betekenisvol aan dié behoefte.

'Dr I J du Plessis het op voortreflike wyse daarin geslaag om tersaaklike gegewens uit die nuwere navorsing by te werk, asook om die verklaring te laat aansluit by die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans (1983).

'Die sentrale verlossingsboodskap, dat Jesus Christus die hoof van die kerk en die heelal is, kom sprekend na vore.'

Weiss, P F D 1990. *Feite en foute. Oor Bybeltekste en Bybelvertalings.* Kaapstad: Lux verbi. Pp 72. Prys R19,50.

In hierdie interessante werk word sommige algemene besware teen die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983) bespreek. Daar word byvoorbeeld gekyk na die beswaar dat sommige tekste (wat in die 1933-vertaling baie vir mense beteken het) 'dan nou so anders klink'. Ander besware is dat die 1983-vertaling dan so 'plat' klink, en dat ander grondtekste in die vertaling gebruik is.

Prof Weiss gaan op bogenoemde besware in, verstrek die feite en verskaf interessante gegewens oor verskillende Bybelvertalings, die verskillende probleme in die verband en die foute wat soms in die proses insluip.

## CONTEXTUAL THEOLOGY / KONTEKSTUELE TEOLOGIE

Masemola, S et al 1989. *Confessing guilt in South Africa. The responsibility of churches and individual Christians*. Johannesburg: South African Council of Churches. Pp 79. Price not given.

This booklet contains the record of a 'pilgrimage' by the department of Mission & Evangelism of the SACC, to 'engage the church in South Africa in thinking together theologically about the subject of guilt and forgiveness in the context of the sin of our society which is *apartheid*' (p 1).

*Apartheid* has, according to the authors, left deep scars of complacency, guilt and bitterness on the people of this land. The foundations of a post-*apartheid* South Africa can only be built adequately by addressing seriously this continuing influence of the past - otherwise the house of a new nation will be built on drifting sand.

Contributions by Frank Chikane, Johann Botha, John de Gruchy, Lizo Jafta and Willem Nicol are included. The booklet is well suited for use in study groups, churches etc. In this way the 'pilgrimage' (which is deliberately left open-ended) may continue on a wider level.

Hofmeyr, M, Kritzinger, J N J & Saayman, W 1990. *Wit Afrikane? 'n Gesprek met Nico Smith*. Bramley: Taurus. Pp 267. Prys: R29,00.

Nico Smith se standpunte en lewenskeuses stel diepgaande vrae oor die inhoud van 'n menslike 'wit' bestaan in Afrika. In hierdie bundel opstelle gaan enkele van sy oudstudente en kollegas by geleentheid van sy sestigste verjaarsdag met Nico Smith in gesprek. Dit is egter geen huldigingsbundel in die gewone sin nie: dit bestaan nie uit lofredes nie, maar is 'n poging om hom ernstig te neem en met hom in gesprek te tree oor 'n lewensbelangrike dimensie van ons bestaan: die feit dat ons van Afrika is.

Bydraes deur Denise Ackermann, Tony Balcomb, Albert Grundlingh, Klippies Kritzinger, Chris Loff, Gerrie Lubbe, Rudolph Meyer, Willem Nicol, Dirkie Smit,

Johan Wolfaardt, Adrian Blom, Pieter Dumas, Murray Hofmeyr, Ivor Jenkins, Christo Lombard, Andries Odendaal, Stiaan van der Merwe, Dion van Dyk, Marlene van Niekerk, Inus Daneel, Antjie Krog en Wilhelm van Deventer verskyn in die bundel.

## DOGMATOLOGIE/SYSTEMATIC THEOLOGY

Potgieter, F J M 1990. *Kerk en samelewing - 'n wesenskou*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers. Pp 64. Prys: R9,60.

Prof F J M Potgieter bied hiermee 'n kritiese analise van die dokument: *Kerk en Samelewing* van die NG Kerk (1986) aan. Hy toets dit aan die hand van 'n gehoorsame luister na die Heilige Skrif.

Volgens prof Potgieter gaan *Kerk en Samelewing* in sy prinsipiële besinning aan die *loci classici* van die Drie-eenheidsleer (Mat 28:19) en (2 Kor 13:13) verby en word 'n eensydige beroep op Ef 4:4-6 gedoen. Hiermee word God se wesenseenheid, sowel as sy verskeidenheid nie genoeg eerbiedig nie. Klem word daarop gelê dat God se herskeppingswerk nie die natuur (met sy verskeidenheid) en die voorsienigheid ophef nie. Die implikasies hiervan vir Kerk en Samelewing en enkele ander eietydse kerklike dokumente word geanaliseer.

Potgieter, P C 1990. *Skrif, dogma en verkondiging*. Kaapstad: Lux Verbi. Pp 67. Prys: R19,50.

Volgens prof Potgieter is verkondiging die primêre taak van die kerk. Indien die kerk wil meespreek oor die sake van die dag sonder om sy geloofwaardigheid te verloor, moet die kerk volledig afhanklik bly van sy gesagsbron, naamlik die Heilige Skrif.

In hierdie werk word die temas van Skrifgesag en Skrifverstaan behandel ten einde die Woordbedienaar met riglyne te bedien in sy of haar Skrifhantering. Die doel daarvan is om aan te dui hoe daar op 'n teologies verantwoorde wyse vanuit God se gesagvolle Woord gekom kan word tot verkondiging wat werklik aktueel is vir ons tyd.

Die studiestuk oor Skrifgesag en Skrifgebruik wat in 1986 deur die Algemene Sinode van die N G Kerk goedgekeur is as riglyn vir lidmate, is as bylae in die boek opgeneem.

## JOHN KNOX SERIES / JOHN KNOX-REEKS

The following works have been published by the International Reformed Center John Knox. Since 1986 this center has been offering reformed churches a series of seminars and symposia to enable them for a better service within the ecumenical

movement. In this way an international forum is provided, where reformed churches can feel at home. This series of publications is placed under the general theme 'Called to witness' and is organized in close collaboration with the World Alliance of Reformed Churches.

Each of these publications contains some essays by experts in their fields and several witnesses or case studies from reformed churches on all the various continents.

International Reformed Center John Knox 1986. *Confessing Jesus Christ in dialogue. Course for students and pastors, March 10-15, 1986*. Geneva.

International Reformed Center John Knox 1987. *Jesus Christ Lord and Saviour. A leadership training seminar, June 16 - July 3, 1986*. Geneva.

International Reformed Center John Knox 1987. *Living among Muslims. Experiences and concerns, 5-12 July 1987*. Geneva.

International Reformed Center John Knox 1988. *Forms of solidarity. Human rights, 14-25 August 1987*. Geneva.

International Reformed Center John Knox 1989. *Mission and Unity. The Reformed family and its mandate, 21-27 August 1988*. Geneva.